

PROFIEL

’n Plek van dialoog; ’n plek

Michael Jonas, die direkteur van die Afrikaanse Taalmuseum en -monument in die Paarl, se oorlede pa het in 1995 reeds gedink sy seun behoort by dié museum te gaan werk.

Michael vertel hoe sy opgewonde pa hom – destyds pas klaar gestudeer aan Maties – ingewag het met ’n advertensie vir die pos wat hy in 2016 sou kry.

Natuurlik was hy nog gans te onervare vir so ’n pos.

Hy het toe immers pas begin werk ná ’n nagraadse diploma in museumkunde aan die Universiteit Stellenbosch.

Michael, wat vandag nog saam met sy vrou en dogter in Stellenbosch woon, is ná matriek in 1990 Maties toe. Ná ’n BA-graad met politieke wetenskap en sosiologie, was hy op soek na iets wat sy passie vir geskiedenis, tale en argitektuur kon kombineer.

Hy het kultuurgeskiedenis tot op tweedejaarsvlak geneem en onder meer by die kultuurhistorikus P.W. Grobbelaar klas gehad. “Uys Krige het gesê die teater is ’n *sanc-tum sanctorum* – die heiligste van heilige plekke. Ek beskou kerke en museums in dieselfde lig. Hulle het ook daardie aura, daardie dieper betekenis, en vergestalt ook ’n sekere ideologie en waardestelsel.”

Sy eerste werk ná universiteit was by Stellenbosch Museum as kontrakwerker. Ná ’n jaar is hy by die Kleinplasie-opelugmuseum in Worcester aangestel.

“Ná twee en ’n half jaar daar is ek in April 1997 as kurator van Paarl Museum aangestel. Dis net ’n entjie hiervandaan,” vertel hy oor ’n koppie koffie in sy ruim kantoor by die Afrikaanse Taalmuseum in die hartjie van die Paarl.

Teen 1999 is Michael as museum-geesteswetenskaplike by die hoofkantoor van die Wes-Kaapse departement van kultuursake en sport aangestel. En toe, in 2016 – 21 jaar nadat sy pa hom met daardie advertensie ingewag het – is hy as direkteur van die Afrikaanse Taalmuseum en -monument aangestel.

“Hier kry ek die geleentheid om met die stoflike en die onstoflike, die tasbare en die nietasbare dinge van Afrikaans en ons geskiedenis te werk. Ek kan my passie vir albei hier uitleef.”

Michael is vanjaar reeds 31 jaar by museums betrokke. “Vir my was dit nooit ’n kwessie met wie se erfenis ek werk nie. Erfenis is erfenis. Dis ’n geheue van ’n gemeenskap; van ’n nasie.”

Hy glo erfenis is waaraan jy ’n nasie se ingesteldheid kan meet. “’n Museum is die vertoonvenster van ’n gemeenskap. Dis kennisstelsels en kontaksones waar inligting uitgeruil word. Vir my moet die mure van ’n museum as ’t ware poreus wees – inligting moet in- én uitvloei.”

Dis presies wat hy die afgelope

Michael Jonas glo ’n museum is ’n gemeenskap se vertoonvenster en die Taalmonument is geen uitsondering nie. Deur Ilse Salzwedel.



Michael Jonas



Michael en sy vrou, Noleen, saam met hul dogter, Chelsea.



10 jaar as direkteur van die ATM probeer bewerkstellig.

“Ek dink ek het dit redelik reggekry om van die ATM ’n ruimte te maak waar nie net Afrikaanssprekendes bymekaar kom nie, maar ook tweedetaalsprekers van Afrikaans en gebruikers van ander tale.”

Dit doen hy en sy span deur ’n verskeidenheid programme en aktiwiteite. “Hiermee probeer ons ’n ruimte skep vir samehorigheid tussen Suid-Afrikaners.”

Die ATM bestaan uit twee entiteite. “Die Afrikaanse Taalmuseum is die primêre rede vir ons bestaan.”

Dit is op 14 Augustus 1975 geopen en is in die huis waar die Genootskap van Regte Afrikaners

Die Afrikaanse Taalmuseum in die Paarl.
Foto: Adobe Stock

“

Erfenis is erfenis. Dis ’n geheue van ’n gemeenskap, van ’n nasie. Ons gaan nie mense uitsluit oor voorkoms of dialek of variëteit of idiolek nie.

(GRA) – presies ’n eeu vroeër, op 14 Augustus 1875 – gestig is. Die Afrikaanse Taalmonument is 10 Oktober 1975 geopen.

Dit is vir Michael ’n beginselsaak dat niemand ooit by die ATM weg-gewys sal word omdat hy nie kan betaal nie. “Jy mag nooit te arm wees om ’n museum te kan besoek nie.”

As jy te ver woon om die museum te kan besoek, maak Michael en sy span ook ’n plan. “Dan reël ons ’n bus om jou te gaan haal – of jy nou in Citrusdal of De Doorns sit. Ons sal met ons skenkers se hulp seker maak ons kry jou hier, of ons neem ’n uitstalling na jou gemeenskap.”

Museums behoort volgens hom nie elitistiese instellings te wees nie, maar ’n instelling in diens van

die gemeenskap. Hy sien dit steeds so, ten spyte van die krimpemde staatssubsidie.

“Die ATM is ’n organisasie sonder winsoogmerk, en al word ons nou gedwing om ander inkomstestrome te probeer vind, bly ons steeds in diens van die gemeenskap; ok nie net een spesifieke gemeenskap of deel van ’n gemeenskap nie.”

Behalwe vir “voete deur die hekke” en staatssubsidies, speel gemeenskappe se ondersteuning ook ’n groot rol in die geldsake van ’n museum.

“Ons probeer om die plek op verskillende vlakke volhoubaarheid te bestuur. Die eerste een is ekonomiese volhoubaarheid – ons begroting moet klop.”

PROFIEL

vir almal se opinies

’n Tweede uitdaging is die bou van menslike kapitaal en gemeenskapsbande. “En laastens het ons ook ’n verpligting teenoor die omgewing. Ons wil ons koolstofvoetspoor verminder en ‘groen gaan’. ’n Mens kan daarmee begin deur iets eenvoudigs, soos om drie verskillende asblikke te hê sodat jy rommel kan herwin, en deur te let op watter ligte jy gebruik en wat jy in die museum se tuin plant.”

’N PLEK VAN GESPREKKE
As jong seun wat 20 km van die Afrikaanse Taalmonument af grootgeword het, sou hy nooit kon dink dat hy jare later die hoof daarvan sou wees nie.

“As kind sou so ’n werk nooit vir my beskore gewees het nie. Ek het nie destyds die simboliek verstaan nie, en vanweë die geskiedenis sou ek dit ook nie destyds kon omarm nie,” verduidelik hy.

Van Hein Willemse se verwysing van Afrikaans se dubbele identiteit – as taal van die onderdrukker, maar ook van die onderdrukte – het hy toe ook nog niks verstaan nie. Namate sy politieke bewussyn gegroei het, het hy besef hoe belangrik dit is om nie ou stereotipes oor Afrikaans te onderhou nie.

Maar toe hy in 2016 aangestel word as direkteur, het hy in ’n storm van vooroordele en stereotipes ingestap.

“Ek wou binne die eerste twee maande bedank,” erken hy.

“Prof. Mashudu Mashige was destyds die eerste swart persoon wat aangestel is as die voorsitter van die ATM se raad. Die minister – destyds Nathi Mthethwa – stel die raadsvoorsitter aan.”

Dis egter nie goed ontvang nie. “Daar was ’n berekende, georkestreerde poging deur verskeie instansies om Mashige se aanstelling te ondermyn. So, toe ek instap, was daar klaar hierdie ongemaklikheid. ’n Tipe van onsteenhulle.”

Hy vertel hoe Mashige hom daaraan moes herinner dat hy die beste kandidaat vir die pos was.

“Hy het selfs in ’n Litnet-artikel geskryf dat ek nie net ’n regstellen-



Michael Jonas (direkteur, ATM), Ilse Salzwedel (Die Papier), die argivaris dr. Geraldine Frieslaar (UWK), Sybrandus Adema (ATM-kommunikasiehoof), Rasaad Adams (vryskutjoernalis), Annie Olivier (hoof van Jonathan Ball-uitgewers), en dr. Phillip Louw (hoof van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal of WAT).

‘GEDRUKTE AFRIKAANS HELP OM TAAL TE BOU’

Die ATM het Afrikaanse Taaldag 2026 op Vrydag 14 Augustus in die Paarl gevier met ’n gratis paneelgesprek oor die druktradisie van Afrikaans.

Die Genootskap van Regte Afrikaners is op 14 Augustus 1875 in die Paarl gestig met die doel om Afrikaans as amptelike taal te vestig, en op dié datum word Afrikaans gevier. Die eerste Afrikaanse koerant, die *Afrikaanse Patriot*, is vanjaar 150 jaar gelede ook in die Paarl gedruk. Volgens Michael Jonas, die direkteur van die ATM, het gedrukte Afrikaans

oor eeue gehelp om Afrikaans van ’n gesproke taal tot ’n volwaardige literêre, akademiese en mediataal op te bou.

“Van die eerste gedrukte Afrikaans in Genadendal, die Bo-Kaap en later die Paarl in die 1800’s tot die moderne drukkuns, weerspieël hierdie tradisie die veerkragtigheid en aanpassingsvermoë van die taal en sy sprekers.”

Die paneel het bestaan uit die joernaliste Ilse Salzwedel (*Die Papier*) en Rasaad Adams, die argivaris dr. Geraldine Frieslaar (UWK), Annie Olivier (die hoof van

Jonathan Ball-uitgewers) en dr. Phillip Louw (die hoof van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal of WAT).

Sybrandus Adema, die ATM se kommunikasiehoof, het die gesprek gelei. Die kommunikasie-omwenteling waarin ons ons tans bevind, kunsmatige intelligensie en die toekoms van gedrukte media en boeke is bespreek.

Die paneel het ook gepraat oor die uitdaging vir fisieke en digitale argiewe, wat die institusionele geheue van Afrikaans en sy sprekers vorm. Sowat 150 mense het die geleentheid bygewoon.

de aksie-aanstelling was nie, maar 21 jaar se ervaring as museumkundige het, en aan al die kriteria voldoen.”

Mashige het dit ook benadruk dat die ATM ’n museum was, en nie ’n taalkundige instituut nie.

Michael sê hy was wel bedag

daarop dat die Taalmonument met ’n bepaalde identiteit kom.


“Daar was nog altyd ’n klomp vroeë rondom die werklike geskiedenis van Afrikaans. Oor of dít ingesluit en dát uitgesluit moes word.

“Was dit van Germaanse of Nederlandse afkoms, of ’n inheemse Suid-Afrikaanse taal wat hier ontstaan het?” Sy benadering was nog altyd dat elke mens sy eie betekenis na ’n instelling soos ’n museum of ’n monument bring.

“Dis vir my ’n plek van dialoog, ’n plek vir almal se opinies. Maar elke mens moet self besluit of dít vir ’n plek van kulturele of estetiese of emosionele belang is – ek gaan nie vir jou voorskryf hoe jy moet voel oor iets soos die Monument nie.”

Hy sien hom as ’n fasiliteerder, iemand wat vir Afrikaans ’n nuwe baadjie wil help aantrek sodat die taal in al sy gedaantes gevier kan word. “Ons gaan nie mense uitsluit oor voorkoms of dialek of variëteit of idiolek nie.”

Dis vir hom belangrik dat almal hulself moet wees binne die ruim-



GROOT VERSEBOEK

Sy liefde vir Afrikaans is behoorlik ontsluit deur ’n eksemplaar van die Groot Verseboek.

Michael was in gr. 7 toe sy ouer broer, Johnny, in matriek as toppresterder in Afrikaans aangewys is en met dié bundel vir sy harde werk beloon is.

Johnny het aan die Universiteit van Wes-Kaapland onderwys gaan studeer. Sy liefde vir Afrikaans en sy anti-apartheid-aktivisme in Afrikaans het ’n blywende indruk op sy kleinboet gemaak.

Om in Afrikaans aan die Universiteit Stellenbosch te gaan studeer, was dus nie ’n moeilike besluit nie. Sy meestersgraad in Museum- en Erfenisstudies aan die Universiteit van Wes-Kaapland moes hy egter in Engels afhandel.

Ironies genoeg het die Rooms-Katolieke kerk – waarin hy grootgemaak is – ook ’n groot rol in Michael se passies gespeel. “Baie van ons dienste was in Afrikaans. Ons het ook ’n Afrikaanse broederorde in Oudtshoorn, wat al die Engelse en Latynse geskrifte in Afrikaans vertaal het. Die liturgie van die Woord, die orde van die mis, die sakramente en rites is alles in Afrikaans vertaal.”

By die kerk se priesters het die jong Michael ’n liefde vir en waardering van die kunste geleer. Dis nie net die fresko’s in Katolieke kerke wat hom fassineer het nie, maar ook kerke en katedrale se fasades en argitektuur. “Die Gotiese en Neo-Gotiese boustyle van kerke soos die Moederkerk in Stellenbosch en die Toringkerk hier in die Paarl is van my groot gunsteling.”

Die kerk het gewis ook gehelp om hom bewus te maak van lewende erfenis en tradisie. “Die kerklike rituele is immers op ou tradisies gegrond. En vir my loop al hierdie passies saam – dis deel van my verwysingsraamwerk.”

tes van die Taalmonument.

“Ons wil tog ook ’n gebalanseerde weergawe gee van die geskiedenis wat daarop ingestel is om in te sluit en nie uit te sluit nie.”

Wat het hy gedoen om die destydse weerstand af te breek?

“Ek het geluister. Baie geluister! Jy kan nie net hier instap en alles verander nie. Jy moet eers luister. Daarna kan jy sê dít werk nie heeltemal nie, dalk moet ons ander stemme inbring.”

Michael en sy span wou ook graag die mense vereer wat die monument help bou het. Vir hom het dít oor meer as die argitek Jan van Wijk gegaan.

“Die monument het in daardie twee jaar wat dít gebou is, ’n veeltalige, multi-kulturele omgewing geword – sonder enige voorvalle.

“Ons wou weet: Hoe was dít om aan hierdie monument te werk?”

Om die vakmanne op te spoor, het ’n groot soektog afgegee. Baie was trekwerkers, of reeds oorlede, maar hulle kon met hul kinders en ander familie

MANNE VAN STAAL

kontak maak. Dit was vir hom hartseer om te hoor dat baie van die konstruksiewerkers vanweë hul ras vir baie jare agterna nie die monument kon besoek of vir hul families kon wys nie. Later was dít vir baie te laat.

Michael en sy span het besluit om hierdie mense se nalatenskap te eer én die wat nog leef, na die Taalmonument te nooi.

So het “Die manne van staal”-uitstalling ontstaan.

“Ons het vir hulle ’n paspoort vir die monument gegee sodat hulle dít in die

toekoms gratis kon besoek. Dit was op ’n ander manier ook ’n soort van versoening.”

Nog ’n projek wat sedert Michael se aanstelling momentum gekry het, is die Arabies-Afrikaanse werksessies wat Afrikaans se gedeelde geskiedenis met Arabies belig. “Destyds moes daar spesiale simbole ontwikkel word vir kinders wat Afrikaans gepraat het, maar in Arabies moes skoolgaan. Van die oudste geskrifte in Afrikaans is in Arabiese skrif geskryf. Onthou, die eerste godsdienstige boek in Arabiese Afrikaans dateer van 1856.”